## 27 Desember Matteus 28:1-20

### *Die Here is naby jou*

'n Medepredikant het eendag gesê dat hy mense gewoonlik daarmee probeer vertroos dat die Here naby is. Hierop het ek gaan kyk na die plekke waar ons die gedagte dat God naby (of by) iemand is, in die Bybel kry. Ek was verstom. Meer as 110 keer. Nog meer verstommend was egter wie almal in die Bybel in omtrent soveel woorde hiervan verseker is - byna elke "belangrike" mens. Abraham (Gen. 6:3), Isak (Gen. 26:4), Jakob (Gen. 28:25), Josef (Gen. 39:2), Moses (Eks 3:12), Aäron (Eks 4:15), Josua (1:5,9), die Rigters in die algemeen (2:18), Gideon (Rig 6:16), Samuel (1 Sam 3:19), selfs Saul (1 Sam 10:7), Dawid (1 Sam 17:37), Salomo (1 Kron. 28:20), konings soos Jerobeam (1 Kon 11:38), Hiskia (2 Kon. 18:7) en Josafat (2 Kron. 17:3) en ook die profeet Jeremia (Jer. 1:8,19). Ook vir Maria sê Gabriël: "Ek groet jou, begenadigde! Die Here is by jou". In Hand 18:10 is Paulus ook só bemoedig. As 'n mens na al hierdie gedeeltes kyk, sien jy dat die mense vir wie dit gesê is meestal in een of ander krisis was of voor 'n moeilike beslissing of opdrag gestaan het.

Maar wat moes Jesus uitroep toe sy nood op sy hoogste was? "My God, my God, waarom het U My verlaat!" In Jesus se grootste krisisoomblik was Hy sonder God ... sodat ons nooit weer deur God verlaat sou word nie. Met sy hemelvaart kon Hy ons toe ook belowe: "Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld". En dié belofte geld nie net vir die "belangrike mense" van die Bybel nie, maar vir elkeen wat in die Here glo. Daarom word omtrent elke brief in die NT afgesluit met 'n seënbede om die Here se nabyheid. Selfs die laaste woorde van die Bybel (Op 22:21) verseker ons: "Die genade van die Here Jesus sal met almal wees".

Sing: Psalm 91:1, 2 Ds. D.F. Muller (Uitschot)